

Sondag 22 Maart 2020

Erediens: Ds. René Potgieter

Lydensbeker: Matteus 26:36-46.

ONS EIE SWAARKRY EN BENOUDWEES

Het jy al ooit ervaar dat die angs jou keel toedruk en dat jy voel asof jy nie asem kan haal nie? Was jy al so benoud oor 'n situasie of binne 'n situasie dat jy voel jou hart kom tot stilstand. Jy moet al jou moed probeer bymekaarskraap vir die dinge wat jy móét doen, maar waarvoor jy nie kans sien nie. Jy het eenvoudig net nie die krag om deur die krisis te gaan nie – dis alles behalwe maklik. Om die waarheid te sê: werklike sielsbenoudhede en geestesworsteling kan van die swaarste beproewings word wat mense moet deurleef. Wat ons in die Evangelies lees is dat Jesus ook op 'n stadium in Sy lewe so 'n verskrillike benoude oomblik beleef het. Ek wil graag vir Phillip vra om die skrifgedeelte te lees.

- Matteus 26:36-46

BOODSKAP

JESUS SE BENOUDHEID

Jesus en Sy dissipels kom by Getsemane aan. Dit is betekenisvol dat hulle juis hierheen gegaan het. Getsemane was 'n olyfboord met 'n muur om. Die woord Getsemane beteken dan ook ook Ölyfpars. Binnekort sou Jesus se liggaam ook gepars word soos die olywe om aan ons nuwe lewe te gee. Sy bloed sou soos olie uit Sy gekneusde liggaam afloop om vir die wêreld se skuld te betaal. Hier in die stilte van die tuin, word Jesus dan ook doodsbenoud. Die uur van lyding het aangebreek. Hier in Getsemane staan Jesus vlak voor die kruis en moet Hy alreeds die eerste sluk van die lydensbeker neem. Die oomblik van waarheid het vir Jesus aangebreek en daar was nie toe meer 'n omdraaikans nie.

Jesus was so broos en weerloos op daardie oomblik en daarom vra Hy vir Sy dissipels om saam met Hom te waak en te bid. In hierdie uur van donkerte het Jesus die nabyheid van Sy dissipels nodig gehad. Hy was immers volkome mens gewees. Filippense 2:7 help ons om dit te verstaan wanneer ons lees: *Hy het nie aan sy Godheid vasgeklou nie, maar het Homself verneder deur aan mense gelyk te word.* Hy het nie sy Godheid gebruik om Hom van die lyding te verskoon nie. Hy moes eenvoudig net hierdie verskrillike lydensbeker leeg drink. Jesus was benoud, beangs en vreesbevange. Jesus het aan Sy dissipels erken: *“Ek voel doodsbenoud”* In die 1953 vertaling staan daar: *My siel is diep bedroef tot die dood toe.*

Hoekom was Jesus so doodsbenoud? Die antwoord is eenvoudig dat hy besef het die uur van lyding het vir Hom aangebreek. Jesus wéét presies wat wag. Hy weet van die fisiese marteling wat wag, van die spykers

wat hulle deur sy hande en voete gaan kap, van die dors en spierkrampe wat gekruisigdes letterlik van hulle verstand af gedryf het. Maar vreemd soos dit klink, was dit eintlik nog die minste. Want wat Hom *eintlik* laat terugsteier in die tuin van Getsemane is die storm wat daar bo-oor sy kop los bars. Hoe die Here Jesus die grootste geestelike worstelinge en die bitterste aanvegtinge teen Sy siel alleen moes deurmaak. Ja, Jesus het gesidder, omdat Hy in Getsemane gesien het dat Hy op Golgota die beker, gevul met God se woede, straf en vloek oor ons sondes, moes leeg drink.

Lukas sê dat Jesus 'n doodse angs beleef het en dat sy sweet soos bloeddruppels wat op die grond val, geword het (Lukas 22:44). Dr Coenie Burger bekende teoloog skryf dat dat ons in Getsemane Jesus se ware mensheid sien soos nêrens anders in die Nuwe Testament nie. In Sy diepe angs en nood smeeek Jesus dat hierdie lydensbeker Hom moet verbygaan. Maar tog terwyl Hy die allervreeslikste dood in die gesig staar, soek en dors Hy na een ding en dit is die verheerliking van Sy Vader se eer en Naam. Sy dors is na die wil van Sy Vader en nie na Sy eie gemak en gerief nie.

En Sy geweldige benoudheid is nie soos wat gewoonlik met ons benoudhede die geval is, die gevolg van kleingeloof en twyfel aan God nie. Dis net die oorweldigende angs van 'n mens wat die hel voor Hom sien oopgaan! Sy sterwe is juis 'n neerdaling ter helle omdat Hy sterf onder die straffende en toornige hand van God. Jesus beleef die ergste sielestryd en benoudheid. Jesus worstel. Maar Hy worstel alleen, want ... sy dissipels slaap. Drie keer gaan Hy na hulle toe en elke keer slaap hulle!

Die uiteinde van die gebeure in Getsemane is dat Jesus bereid is om die lydensbeker te drink – tot op die bodem toe. Die Lydensbeker moet Hy drink, maar versterk deur gemeenskap met God sien Hy nou kans daarvoor. Jesus sê JA om aan die kruis te sterf en God se woede, straf en vloek oor die sonde namens ons te dra. Algaande ontwikkel daar 'n rustigheid by Jesus oor sy lyding wat voorlê. In so 'n mate dat toe Hy klaar gebid het, Hy so versterk en oortuig van sy taak was dat Hy sy vyande onmiddellik tegemoet gegaan het. Hy loop die kruisweg vanuit hierdie persoonlike worsteling, tegemoet.

ONS EIE WORSTELINGE

Ons is die afgelope tyd diep bewus van lyding en swaarkry in ons land. Alhoewel ons nie aldag daarmee in aanraking kom nie, word ons daaglik deur die nuus en sosiale media daarmee gebombardeer. En ons is diep bewus van groot krisisse in ons land en in die res van die wêreld. Ons beleef lyding op verskillende vlakke. Dit is moontlik die dood van 'n geliefde, of huweliks- of gesinsprobleme. Dit kan uitdagings met ons kinders wees, of dat jy by die werk sukkel. Dit kan selfs wees dat jou bloeddruk te hoog is en dat jou bankrekening te laag is. Elke gelowige sal 'n krisistye beleef. Om Jesus te volg, beteken nie dat jy vrygestel is van lyding nie. Dit beteken nie dat jou lewe sonder enige uitdagings sal wees nie.

Verlede Woensdag het die Wêreldgesondheidsorganisasie die Koronavirus tot 'n internasionale pandemie verklaar. Dit het gevolg kort nadat die 100ste land op die planeet hierdeur getref is. Skaars 24 uur later het nog 14 lande op die lys van besmette lande verskyn. Suid-Afrika word ook hierdeur geraak. Skielik raak COVID-19 ons almal. Ons eie president het op Sondag 15 Maart bepaalde maatreëls vir ons eie land ingestel.

Wêreldwyd word sportbyeenkomste, motorskoue en konserte op groot skaal afgelas. Landsgrense, skole, universiteite en besighede word ook gesluit. Almal is onseker en bang. Party sê dis die tekens van die eindtye. Ander sê weer die Koronavirus beteken die einde van baie besighede, asook 'n reuse ineenstorting van internasionale markte en ekonomieë.

Hoe gemaak in die tyd? Moet ons in 'n staat van pandamonium en vreesbevangendheid in gaan, of is daar 'n beter plan? Wat is goeie en sinvolle optrede in hierdie tyd? Wel die eerste wat ons vir mekaar moet sê is om almal goeie voorsorgmaatreëls in plek te hê en daarmee saam ook waar ons kan, hulp aan weerloses aan te bied. Maar ons moenie paniekbevange raak nie. Dis hier waar Jesus se voorbeeld ons vanoggend weer kom versterk. Nie dat enige van ons benoudhede ooit met dit wat Jesus daar in Getsemane beleef het vergelyk kan word nie, maar ons kan Jesus se voorbeeld volg. Hy het nie krag in Homself of sy eie planne gesoek nie. Hy het sy innerlike krag by God gesoek. Getsemane leer ons bid. Gebed berei die siel voor vir lyding. Wanneer ons deur swaarkry, lyding of tragedie oorval word dan is ons eie tuin van Getsemane die plek waar ons na God se krag moet gaan soek, sodat ons kan staande bly.

Wat het Jesus gedoen in Sy diepste tyd van krisis? Hy het God die Vader se krag en genade gesoek. Ja, Hy moes steeds die beker leeg drink – die beker het Hom nie verby gegaan nie. Maar Hy kon dit leeg drink met innerlike krag en vrede wat ons net by God kan vind. En dit is ook vir ons die troos. Al moet ons steeds 'n krisis beleef en word die probleem nie opgelos nie, kan ons met God se innerlike krag en genade dit deurleef.

Ook wanneer ons lewenslot nie altyd is wat ons voor gehoop het nie. Dit is soms so dat ons nie altyd kans sien vir die bekere wat voor ons neergesit word nie. Vir sommige is dit 'n beker van siekte wat jy moet drink. Vir ander is dit 'n beker van onvervulde drome en ideale. Vir ander is dit 'n beker van seerkry en wonde wat jou toegedien is en waarmee jy jou lewe lank moet saamleef. Vir party is dit 'n beker van geweld of diskriminasie. Vir ander 'n beker van armoede. Of vir sommige 'n beker van verlies oor geliefdes wat oorlede is.

Maar ons sien 'n besondere voorbeeld by Jesus. Dit is om krag te soek by ons Hemelse Vader. Ja, bid tot God, wanneer jy sukkel om jou lot te aanvaar. Gaan worstel met Hom. En ontdek weereens dat jy jou

swaarste lyding en jou ergste beproewing en jou grootste stryd nie alleen hoef te stry nie. Ontdek dat jy nie jou diepste nood, grootste hartseer en teëspoed alleen hoef te dra nie.

TEN SLOTTE

Ds. Awie Erxleben

Jesus, in Getsemane het U gebid, gevra, gepleit
Dat ons Vader moet verander aan sy besluit,
Dat die bitter beker by U verby moet gaan...
En tog het U die hele tyd verstaan
Dat U deur u lyding die weg van verlossing baan.

So het U voor God se wil gebuig
Al het dit beteken dat elke stukkie lewe uit U suig...
Deur die weg wat U sou loop
Gee U aan 'n verlore wêreld hoop
Dit wat U gedoen het, gee betekenis aan elke preek
Want deur u gehoorsaamheid word ons vrygespreek.

Sluit af met lied van Joe Niemand